Windhoek Afrikaanse Privaatskool

Memo

Dinamies. Gefokus. Suksesvol.

INDIVIDUELE- EN GROEPLESSE IN MUSIEK VIR 2027

Musieklesse word vanaf middel Januarie tot November aangebied. Lesse sal gedurende klastyd plaasvind, wat beteken dat u kind elke week ‘n lesperiode sal mis. Ons poog om leerders slegs in periodes waar nie-inhoudsvakke aangebied word, vir musiek te neem. U kind sal egter steeds self verantwoordelik wees om die les wat behandel is, in te werk en op datum te bly met sy/haar skool- en huiswerk. Gedurende eksamentye sal klasse vir die eksamenperiode gestaak word.

Die volgende voorwaardes geld:

- **Leerders moet elke dag oefen om vordering te verseker.**
- Leerders moet oor ‘n goeie akademiese rekord beskik en akademies na wense vorder.
- **Leerders kan slegs vanaf graad 3 blokfluit en klavier neem en vanaf graad 4 kitaar.**
- Leerders moet oor ‘n eie instrument beskik om by die huis te kan oefen.
- Neem kennis: Graad 3-leerders wat werk in die klas mis as gevolg van musieklesse sal self verantwoordelikheid moet neem om enige akademiese werk op te vang. Dit kan ongelukkig nie die onderwyser se verantwoordelikheid wees nie.
- **Ingesluit by lesse:** Toegepaste teorie, d.w.s. soos nodig. Teoretiese terminologie word verduidelik en toegepas.

Fooie en struktuur van die lesse:

Heffing van fooie:

- Die fooie is met die aanvang van elke maand betaalbaar.
  (Geen heffing: Januarie, Mei en Desember)
- Die fooie sal maandeliks teen u kind se skoolfondsrekening gehef word. Maak asseblief seker dat die heffing wel op u skoolfondsrekening verskyn.

Opsie	Instrument	Lesstruktuur	
A	Blokfluit/Kitaar/Ukelele/Klavier/ Sang	**Groeples:** Feb., Mar., April Jun., Jul., Aug. Sept., Okt., Nov.	N$480 per maand
B	Blokfluit/ Kitaar/ Ukelele Klavier/ Sang	**Individueel:** Feb., Mar., April Jun., Jul., Aug. Sept., Okt., Nov.	N$550 per maand

Staking van lesse:

- ‘n Kennismaand sal gehef word, wanneer ‘n leerling kanselleer.
- Kansellasie van musieklesse moet asseblief skriftelik aan u onderskeie musiekonderwyseres gedoen word. Geen mondelinge kansellasies sal aanvaar word nie.

Indien u belangstel, voltooi asseblief onderstaande inskrywingsvorm en stuur so gou moontlik na die skool terug. U aansoek sal aan die einde van die jaar of vroeg in 2027 hanteer word, waarna u skriftelik in kennis gestel sal word van aanvaarding al dan nie**. Leerders wat gekeur word, maar daarna oor ‘n tydperk NIE na wense vorder nie, nie belangstelling toon nie, of nie toegewyd tuis oefen nie, se lesse sal vir die volgende jaar/termyn in heroorweging geneem word.**

Aansoekvorms en alle ander korrespondensie kan aan aletta@wap.edu.na gerig word.

Vriendelike groete

Aletta Ackerman
Musiekhoof

AANSOEKVORM

INDIVIDUELE– EN/OF GROEPLESSE IN MUSIEK VIR 2027

LEERDER

VOLLE NAAM: _____

VAN: _____

GRAAD: _____

OMKRING DIE OPSIE/S WAARVOOR DIE LEERDER WIL INSKRYF: (Groeplesse en individuele lesse is afhanklik van beskikbaarheid)

Opsie	Instrument/Les
A	Blokfluit – Groeples/Individuele les (gr 3–7)
B	Kitaar – Groeples/Individuele les (gr 4–7)
C	Ukelele – Groeples/Individuele les (gr 3–7)
D	Klavier – Groeples/Individuele les (gr 3–7)
E	Sang – Groeples/Individuele les (gr 3–7)

OUER/VOOG:

NAAM EN VAN: _____

SELNOMMER: _____

E-POSADRES: _____

SKOOLFONDSREKENINGNOMMER: _____

_____ _____

Handtekening van ouer/voog Datum